

Ek aanvaar die boodskap van die kruis

If God were not my friend, Satan would not be so much my enemy. –Thomas Brooks

Ek aanvaar die boodskap van die kruis

Paulus het baie geskryf oor die kruis wat mense verdeel. Hy het veral op diegene wat daardie boodskap verwerp, gefokus. Nou fokus hy op diegene wat die boodskap van die kruis aanvaar.

Paulus se punt (1:26)

Dink maar net, broers, aan wat julle was toe julle geroep is. Volgens die opvatting van mense was daar nie baie geleerdes of baie invloedrykes of baie mense van aansien onder julle nie. Kyk mooi na Paulus se argument: nie baie ... nie. Die vroeë Christene was baie heterogeen. Daar was dus geleerdes, invloedrykes en mense van aansien onder hulle, maar ook baie arm en ongeletterde mense. Wat Paulus hier sê, is dat om wys, invloedryk en van aansien te wees, nie kriteria vir 'n Christen is nie. God se genade kan enigeen bereik. God is nie beïndruk met politieke mag, rykdom en filosofieë – dit wat die wêreld so bewonder – nie.

Ons kan hierdie punt wat Paulus hier maak die ignoreer nie. Ons is so geneig om Christen sportsterre, mediapersoonlikhede en pop sangers voor te hou as voorbeelde. Hoekom dink ons hulle menings en ondervindings van God se genade is meer betekenisvol as dié van enige ander gelowige? Hierdie siening in ons gemeentes vernietig nederigheid, minimaliseer genade en

gee te veel eer aan geld, invloed en die wysheid van ons dag.

Paulus se teologiese regverdiging (1:27 – 30)

Meeste van die gelowiges in Korinte kon nie spog met hulle agtergrond nie. Hoekom is dit so? God self. *En tog, wat vir die wêreld onsin is, het God uitverkies om die geleerdes te beskaam; wat vir die wêreld swak is, het God uitgekies om die sterkes te beskaam, en wat vir die wêreld sonder aansien of betekenis is, ja, wat niks is nie, het God uitgekies om wat iets is tot niet te maak (1:27 – 29).*

Paulus se veronderstelling is dat mense nie na God sou kom tensy God hulle kies nie. God het dus voorkeur aan die mense sonder aansien gegee. God kies die onsinnige dinge om die geleerdes te beskaam. God het dus 'n behae daarin om al die aansit van hierdie opstandige wêreld te prik. Terwyl selfgesentreerde leiers hunker na mag, kies God diegene sonder aansien. Alles wat iets is – dinge van belang in die wêreld – maak God tot niet. Hulle word afgeskrywe; hulle het geen ewigheidsbetekenis nie.

Hoekom doen God dit? *Voor God het geen mens dus iets om op te roem nie (1:29).* Menslike trots word afgebreek. God skuld aan niemand vergifnis of die ewige lewe nie – dit is alles genade. As mense deur hulle wysheid of krag of status verlos is, sou hulle met reg trots daarop kon wees. *Ek is die Here, dit is my Naam, die eer wat My toekom, gee Ek aan geen ander nie, die lof wat My toekom, gee Ek aan geen gesnede beelde nie (Jesaja 42:8).* Paulus waarsku die Korintiërs gedurig oor hulle trots. *Het ons nou iets uit onself om op te roem? Nee, dit is uitgesluit (Romeine 3:27).*

God se kategorieë van wysheid en sterkte verskil radikaal van dié van die wêreld. Verlossing is God se vry gawe verseker deur sy kruisdood. Dit word deur diegene wat Hom vertrou verkry – nie deur die ryk en sterk mense nie

'n Christelike visie van roem (1:30 – 31)

Het Christene dan niks om op te roem nie? Nee, hy sê as Christene roem op die dinge waarop die wêreld roem, roem hulle oor die verkeerde dinge. *Dié wat wil roem, moet in die Here roem* (1:31). Dit beteken nou nie selfgesentreerde godsdienstige fanatici kan rondhardloop en daarop aanspraak maak dat hulle menings oor alles altyd reg is nie. Menslike roem is verkeerd, want dit verhef die mens tot die toppunt van belangrikheid. Doen ons dit fokus ons op dit wat verbygaande is. – van geen ewigheidsbetekenis is nie.

Wat vir die mens belangrik is, is die kennis van God. Mense wat op hulleself fokus, kry nie hierdie kennis nie. Diegene wat God werklik ken se vreugde is in Hom – Hy word die middelpunt van hulle lewens. Hulle roem in Hom. Hulle kry hulle leidrade oor hoe om te lewe by Hom. Sy karakter is hulle model. Jesus Christus wat gekruisig is en opgestaan het, is God se plan en wysheid. *Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing* (1:30). Die wysheid van Christus is die kruis. Hierdie wysheid lei tot ewigheidsveranderinge en bring mense in 'n dieper verhouding met God.

Hierdie wysheid, hierdie plan, beteken ons vryspraak, heiliging en verlossing. Hierdie wysheid van God is nie maar net 'n beter uitgawe van die wêreld se wysheid nie. Daarom beskryf Paulus die gevolge van God se wysheid in Bybelse terme: vryspraak, heiliging en verlossing. Net nadat hy dit gesê het, haal Paulus vir Jeremia aan: *Dié wat wil roem, moet in die Here roem.*

Ons is net so dwaas soos die Korintiërs as ons dinge wat net tydelik is, opblaas; as ons die waardes, planne en programme van die wêreld bevorder. Hulle gaan verby. Hoe beter ons God ken, hoe meer wil ons hê dat ons hele bestaan om Hom sal wentel. Dan sien ons dat die enigste doelwitte en planne wat die moeite werd is, is die wat aan God verbind is. Jesus het immers self gesê dat sy volgelingen vir hulle skatte in die hemel bymekaar moet maak (Matteus 6:19 – 21).

Die boodskap van die kruis moet ons bediening vorm (1:18 – 25); Die uitreik van die kruis bevestig daardie boodskap en dryf ons terug na wat fundamenteel is (1:26 – 31). Daar is nog 'n element om in gedagte te hou: die prediker en die kruis.

Die kruis van Jesus Christus (2)

The Great Commission means telling Christ's story, not yours – Trevin Wax

Die kruis van Jesus Christus (2)

Ons het in die vorige blog gesien dat Paulus met die gemeente oor niks anders *praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die Gekruisigde (1 Korintiërs 2:2)*. In die boodskap van die kruis kry ons twee kritiese eienskappe:

- *Die boodskap van die kruis verdeel mense absoluut (1:18 – 21)*

Dit verdeel mense in mense wat verlore gaan en mense wat gered word. 1:18 maak die verdelingslyn tussen die twee groepe duidelik. Deur die kruis vernietig God die mens se aansprake op wysheid en geleerdheid. Hier kry ons 'n sentrale tema van die Skrif: God trek mense na Hom toe, sodat hulle met vreugde en gehoorsaamheid erken dat Hy die middelpunt van alles is – Hy alleen is God.

Ons wil almal Nommer 1 wees; ons maak graag onself die middelpunt van ons gedagtes en hoop. Ons is selfgesentreerd en tree op asof God aan ons verduidelikings verskuldig is. Maar ons is heeltemal onmagtig om ons sonde en versoening met God self te hanteer – God is egter magtig genoeg om dit te doen.

Die evangelie is nie goeie raad nie – dit is God se krag vir diegene wat glo. Om dit te beklemtoon, vra Paulus 'n paar retoriese vrae (1:20):

- *Waar is die wysgeer van hierdie wêreld nou?* Geen wysheid het blywende krag as die middelpunt daarvan nie die kruis is nie – as dit nie die mens met die lewende God versoen nie. Geen wysheid is belangriker as dit nie.
- *Waar die slim woordvoerder?* Dit is die uitblinkers in retoriek. Vir hulle is die vorm net so belangrik as die inhoud. Maar die gewaande wysheid van die wêreld is dwaasheid/onsin.
- *Waar is die skrifgeleerde?* Dit is die kundiges oor die wet van God – hulle ken die Bybel en al die tradisies. Vir die moderne geslag gaan godsdiens oor selfvervulling en persoonlike behoeftes.

Hoe doen God dit? *Deur die prediking wat vir die wêreld onsin is, dié te red wat glo* (1:21). Dit verstaan die mens nie – hoe kan God besluit dat die wêreld nie deur geleerdheid tot Hom sou kom nie? Dit is nie iets wat die wêreld self sou kon uitdink nie. Die boodskap van die kruis verdeel mense absoluut.

- *God se swakheid oorskry mense se krag* (1:22 – 25)

Paulus verdeel diegene wat verlore gaan in twee groepe. Hulle verteenwoordig die twee fundamentele vorme van afgodery van sy tyd – en eintlik van ons tyd ook.

- Die Jode vra wondertekens

Sommige verwag 'n teken sodat hulle Hom kan evalueer – hulle wil sy aansprake toets. Ek sal my aan die Here wy as Hy my kind gesond maak. Met ander woorde: ek stel voorwaardes; ek kom nie onvoorwaardelik na Hom nie.

- Die Grieke soek wysheid

Hulle glo hulle kan alles verduidelik en in beheer van alles

is.

Albei benaderings is baie selfgesentreerd. Daarom sê Paulus: *Vir die Jode is dit 'n aanstoot en vir die ander is dit onsin* (1:23). Vir die Jode is 'n kruisdood 'n skandaal; vir Grieke is rede/denke en nie geloof nie belangrik. 'n Gekruisigde held was vir hulle dwaasheid. Maar vir gelowiges is *Christus die krag van God en die wysheid van God* (1:24). Let op hoe hierdie vers begin: *Maar vir dié wat deur God geroep is*. Daarom is hulle anders as ander mense.

Wat vir die wêreld die onsin van God is, is groter wysheid as die wysheid van mense, en wat vir die wêreld die swakheid van God is, is groter krag as die krag van mense (1:25).

Maar Paulus skryf nie net oor die mense wat die boodskap van die kruis verwerp nie. Hy skryf ook oor diegene wat die Boodskap van die kruis aanvaar. Daarna kyk ons volgende keer.

Die kruis van Jesus Christus (1)

Conversion is a turning into the right road; the next thing is to walk in it – Spurgeon

Die kruis van Jesus Christus (1)

Tans word die kruis deur baie mense gesien eksklusief as die manier waarop Christus ons verlossing bewerkstellig het. Natuurlik is dit baie belangrik, maar die kruis beteken nog meer. Die kruis bepaal onder andere ook wat ons moet verkondig en hoe ons dit moet doen; dit skryf voor wat Christelike leiers moet wees en hoe Christene Christelike leiers moet dien; dit vertel hoe ons moet dien; ens. Ons gaan 'n hele

aantal blogs spandeer aan die kruis van Jesus Christus. Om verder oor die kruis te besin, gaan ons kyk na 1 Korintiërs 1 en 2.

Wat moet ons verkondig?

Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus Christus, en wel oor Hom as gekruisigde (2:2). Om oor die kruis en kruisiging te praat, sou Paulus se gehoor geskok het. Geen Romeinse burger is ooit deur kruisiging tereggestel nie, behalwe as die keiser dit eksplisiet goedgekeur het. Kruisiging was 'n metode gebruik vir slawe en vreemdelinge. Kruisiging was 'n skande. Vandag kry ons kruise in ons kerke en juwele. Daarom is dit vir ons moeilik om 1:18 te verstaan: *Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God (1:18).* Ons moet egter hierdie afstand oorbrug en terugkeer na Jesus se kruis.

Paulus het die gemeente reeds oor die onenigheid onder hulle gewaarsku – die een is vir Paulus, een is vir Apollos en een vir Sefas (1:11 – 12). Die Korintiërs was geneig om hulle aan sterk leiers te bind en dan op ander neer te sien. Hulle was dikwels meer beïndruk met die vorm en vertoon van hulle leiers as met die inhoud en waarheid van hulle leiers se boodskap. Paulus verkondig die evangelie *nie met woorde van menslike wysheid nie, want dan sou die kruis van Christus sy krag verloor (1:17).* Te midde van al die onenigheid besluit Paulus om net die evangelie te verkondig.

Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God (1:18). Hy fokus op die inhoud van die boodskap:

Daarom het God in sy goedheid besluit om deur die prediking wat vir die wêreld onsin is, dié te red wat glo (1:21).

As ons dan, soos Paulus, besluit om niks anders as Jesus Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde, te praat nie, moet ons twee kritiese eienskappe in gedagte hou. Daarna kyk ons volgende keer.

Die kruis of Nike se embleem?

When elephants fight, the grass gets trampled – 'n Spreekwoord uit Afrika.

Die kruis of Nike se embleem?

Paul Louis Metzger sê dat hy die gevoel kry dat ons in die kerk die kruis met Nike se embleem vervang het. As ons aan die Nike simbool dink, dink ons aan “Just do it.” Het ons nie iets hiervan in die kerk ingedra nie? As iemand 'n probleem het, maak dit reg. Het Jesus gekom om ons reg te maak of om ons te genees. Ons gaan nie iemand met 'n kitsoplossing – *just do it* – genees nie.

Nike simboliseer oorwinning. So kan ons trots voel as ons iemand in nood “regmaak.” Maar as ons dit nie regkry nie? Maak ons ons los van hulle en beweeg verder? Die onvermoë om hulle probleme op te los, simboliseer immers mislukking. Soms luister ons na vriende se probleme. Dit klink oorweldigend. Ons groot vrees is dat ons by hulle probleme betrek sal word. Hierdie mense voel dikwels dat die geloofsgemeenskap hulle verwerp het. Nike se “Just do it” skreeu harder as die ware kerk se “Just be it.” “Just be it,” sluit in dat ek van my eie voorkeure afstand doen .

Die kerk is nie Nike se hoofkantoor nie. Die kerk is nie net daar om mense se probleme op te los nie – soms kan ons dit nie doen nie. Die kerk is daar om langs mense te staan in hulle probleme en as dit moontlik is dit reg te maak. Wat word van my as gelowige verwag? Wees die oplossing in plaas van iets anders as oplossing aan te bied. Luister na mense; spandeer tyd aan hulle; bly verbind al maak dit seer en frustreer dit ons. As ek iemand “regmaak” beteken dit nie noodwendig dat ek tyd met hom spandeer nie – ons behou ons professionele afstand en vermy die slaggate in hulle lewens.

Wat ons nodig het, is nie om mense se probleme reg te maak nie, maar om as kerk hulle pyn met hulle te deel. “A minister is not a doctor whose primary task is to take away pain. Rather, he deepens the pain to a level where it can be shared” (See Henri J. M. Nouwen, *The Wounded Healer: Ministry in Contemporary Society* {New York: Image, 1979}, 92–93). Daarom mag Nike se embleem nooit die kruis in ons harte vervang nie. Die kerk is die gemeenskap wat die kruis dra en daarom moet ons met mekaar die stryd deel. Ons moet veilige plekke om te luister en mekaar se pyn te deel, skep.

Watter simbool kies ons?